**Skriflesing:** 1 Johannes 3:11-18; 23-24
**Tema:** Kinders van God het mekaar lief.

Die groot gevaar vir ons as kerk is dat die verskil tussen lig en duisternis verdwyn en ons leer en lewens inmekaar vloei in grys areas. Dit terwyl die Bybel duidelik onderskei tussen lig en duisternis.
In 1 Johannes 3:10 word onderskei tussen "kinders van God" en "kinders van die duiwel."
In Markus 9:40 sê Jesus: "Wie nie vir ons is nie, is teen ons."
In Openbaring 3:15-16 waarsku die Here die gemeente van Laodisea teen lou wees, was hulle tog maar eerder warm of koud. Tot hier gebruik ek dieselfde inleiding as in verlede Sondag se boodskap uit 1 Johannes 3:1-10.
Ons lees verder van hierdie kontras in vandag se Skrifgedeelte. Ons lees van die kontras tussen dood en lewe; haat en liefde.

Ek gaan nie lank vassteek by die negatiewe nie. Ons word gewaarsku om nie soos Kain te wees nie. Hy het aan die bose behoort. Daarom was sy dade sleg.
In Genesis 4:7 het God vir hom gesê: "Wag daar nie vir jou blydskap as jy goed doen nie? As jy nie goed doen nie – die sonde wag jou in daarbuite en hy wil jou in sy mag kry. Maar jy moet oor hom heers."
Kain het gekies om nie goed te doen nie. Daarom het sonde hom in sy mag gekry. Uit woede en jaloesie het hy sy broer gehaat en vermoor.

Verlede sondag het ons geleer dat kinders van God reg leef. Ons deel in sy oorwinning oor sonde en doen, soos Jesus, reg.

Ons lees in 1 Johannes 3:23 verder hoe lyk reg doen. Ons vind hier 'n kort samevatting van die Bybel. "[23]En dít is sy gebod: Ons moet in sy Seun, Jesus Christus, glo en ons moet mekaar liefhê ooreenkomstig die gebod wat Hy ons gegee het."
Kinders van God glo in Jesus Christus en is lief vir mekaar. Natuurlik kring die Here se liefde in en deur ons uit tot by ons vyande. Ons lees in Matteus 5:43-45: "[43]"Julle het gehoor dat daar gesê is: 'Jou naaste moet jy liefhê en jou vyand moet jy haat.' [44]Maar Ek sê vir julle: Julle moet julle vyande liefhê , en julle moet bid vir dié wat vir julle vervolg, [45]sodat julle kinders kan wees van julle Vader in die hemel."

Maar gaan in 1 Johannes 3 gaan dit oor liefde tussen Christene. Ons is God se huisgesin, broers en susters van mekaar, wat mekaar liefhet. Dit is waar liefde tussen mense begin.

Ons lees in 1 Johannes 3:11 dat dit nie 'n nuwe boodskap is nie. "Dít is immers die boodskap wat julle van die begin af gehoor het: Ons moet mekaar liefhê."
In 1 Johannes 3:14 lees ons: "Ons weet dat ons klaar uit die dood na die lewe oorgegaan het, want ons het ons broers en susters lief. Wie nie liefhet nie, bly in die dood."

Die Griekse woord vir oorgaan in hierdie vers kan ook vertaal word met verhuis, die trek uit een huis na ‘n ander. Kinders van die Here het met sy meubel lorrie getrek - uit die vuil stukkende muwwe krothuis van sonde, dood en haat na ‘n koninklike paleis gevul met sy liefde en lewe. Ons moet in een van hierdie twee blyplekke bly.

Iemand wat nie sy broers en susters daadwerklik liefhet nie, behoort nie aan God nie. So persoon is nog vol haat en dood. Maar kom ons kom nog nader aan ons eie lyf. Wanneer ek instaat is om iemand wat swaarkry te help en ek doen dit nie, vermoor ek so persoon. Dan bly ek nog in ‘n krothuis.

Iemand wat van die dood na die lewe oorgegaan het, het sy broers en susters lief.

Hoe lyk hierdie liefde vir mekaar? Dit begin in my eie huis en kring uit na my onmiddelike omgewing waar ek my bure ken soos wat Toit 2 weke gelede gepreek het.
Ons lees in 1 Johannes 3:16: “Hiéraan weet ons wat liefde is: Jesus het sy lewe vir ons afgelê. Ons behoort ook ons lewens vir ons broers af te lê.”
Ons maklik verskoning is dat ons nie vir hierdie of daardie broer of suster my lewe kan aflê nie, want hulle verdien dit nie. ‘n Beter klinkende verskoning is dat hulle my te na gekom het. Of ‘n nog beter verskoning is dat daar net te baie swaarkry broers en susters is, die probleem is te groot vir my om te begin om ‘n verskil te maak.

Wat sou met my en jou gebeur het as Jesus so gereageer het? Ten spyte van die feit dat ons niks verdien het nie, ons Hom te na gekom het en almal van ons in sonde vasgevang is, lê Hy sy lewe vir ons af.

Hoe lê lewens v ons broers en susters af? Ons lees in 1 Johannes 3:17-18: “[17]Wie aardse besittings het en sy broer sien gebrek ly, maar geen gevoel vir hom het nie – hoe kan die liefde van God in hom wees? [18]Liewe kinders, ons liefde moenie net woorde en lippetaal wees nie, maar moet met die daad bewys word, en dan in opregtheid.”

Kinders van God gee om vir hulle wat swaarkry. Ons harte gaan uit na so iemand. Maar wanneer ons net voel vir en praat oor hulle wat swaarkry, flikker daar ernstige rooi ligte. Wat sou met my en jou gebeur het as God net gesê het dat Hy ons liefhet en sy liefde nie tot aksie oorgegaan het nie?
Liefde, is meer as net voel en praat. Dit is ‘n werkwoord. Dit moet met die daad bewys word. Die Here het sy liefde vir ons tot aan die kruis en in die graf bewys.

Jesus vertel die verhaal van die ryk dwaas in Luk 12:13-21. In die hele verhaal gaan dit net om homself. Die eie ek is die belangrikste. Hy sal sy skure groter bou, sy oes daarin opgaar en lekker aftree. Dan sê God dat Hy sal sterf want: “So gaan dit met hom wat vir homself skatte vergader en nie ryk is by God nie.” (Lukas 12:21)

Die Kerkvader Ambrosius het gesê: “die ryk dwaas het goeie skure gehad, die monde van die armes.”

Ons het nie skure nodig om God se liefde wat deur ons vloei na ons broers en susters, te stoor nie. Ons het skure: die harte van broers en susters wat hartseer is; die emosies van broers en susters wat alleen is; die koskaste van die behoeftiges; die huise van die weduwees en die nood van die weeskinders.
Amen